

Voorbeeld van 'n toets

Instruksies:

- Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings. Doen al drie hierdie afdelings.
- Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
- Skryf netjies en leesbaar.

Afdeling A Leesbegrip

Lees die onderstaande leesstuk met aandag en beantwoord die vrae wat daarvoor gestel is.

Hy drink nog bottel, maar speel al trom

1. 'n Ouerpaar in Kuilsrivier het 'n ongewone probleem. Hulle driejarige, musiekbegaafde seuntjie wil elke dag aaneen net tromme slaan.
2. Wanneer klein Daniel Petersen (3) se lus vir tromspeel hom pak, moet niks in sy pad kom nie.
3. Sy oorblufte pa het hom een middag ná werk met kaal boudjies by die vyfstuk-tromstel aan die woel aangetref. Basta met die doek!
4. “Ek kon my ore en oë nie glo nie. Hy speel soos 'n professional met pedale en al, maar hy drink snags nog bottel. Daniël was toe maar twee jaar oud,” vertel die musikant Danny Petersen (36), wat al die afgelope dekade as David Kramer se tromspeler optree.
5. Daniël was skaars sewe maande oud toe van sy pa se djembe's sy belangstelling gewek het. “Dit het my dadelik opgeval dat die kind die trom soos 'n grootmens tik ... soos wanneer 'n mens bewus is van klank wat jy maak,” wys Danny.
6. Die Petersens moet reeds bontstaan om hul passievolle seuntjie se “kunstenaarstemperament” te hanteer.
7. As Daniël nie sy sin kry nie of as te veel aandag op hom gefokus is, smyt hy sy tromstokkies dat hulle dóér trek. Sy pa mag ook nie naby hom kom sit en djembe speel as dit hy is wat die ster van die vertoning is nie.
8. Nadat Daniël onlangs in 'n SABC-program was oor sy tromspelery, het sy ouers selfs oproepe ontvang van mense wat wil weet of hul musiekseuntjie al sy eie handelsnaam het. “Waar gaan ons 'n skool kry wat hom gaan toelaat om elke dag tromme te speel,” wonder sy pa.

Uit *Rapport*, 6 Augustus 2006.

VRAE

1. Watter verband is daar tussen die eerste twee paragrawe van die leesstuk? (2)
2. Dui die kontras ten opsigte van sy seun aan in die pa se woorde in paragraaf 4. (2)
3. Hoe oud was Daniël toe hy in tromspeel begin belangstel het? Watter leestegniek het jy gebruik om hierdie antwoord te kry? (2)
4. Is die volgende stelling waar of onwaar? Motiveer jou antwoord uit paragraaf 5: Daniël het van kleins af 'n aanvoeling gehad vir tromspeel. (2)
5. Is paragraaf 6 en 7 aaneenskakelende of teenstellende paragrawe? Motiveer jou antwoord. (2)
6. Hou Daniël daarvan as sy pa saam met hom musiek maak? Motiveer jou antwoord. (2)

[12]

EN



7. Watter afleiding kan jy uit bostaande spotprent maak? (1)
8. Wat noem ons die ma van iemand met wie jy trou? (1)
9. Bestudeer die visuele uitbeelding en beskryf met een woord die vrou se gesigsuitdrukking. (1)

[3]

Totaal Afdeling A: 15 punte

Afdeling B Taalstrukture

Ramkat!

Bobby van die Weskus – 78 cm om sy middellyf.

1. Katvoet kan hy lankal nie meer loop nie. Dit bult om sy middel en bol om sy sye wanneer Bobby, die knewel van 'n Weskus-kat, aangerol kom. Eintlik sit hy glad geen poot voor die ander as hy dit kan verhelp nie.
2. Net een ding verpes hy meer as om van sy lêplek op te staan: 'n dieet. Die laaste keer het hy sy nooi heelnag wakker gehou met sy gekrap op die mat. "Sy kos wil hy hê," sê mev. Chrissie van der Merwe, 'n weduwee van Vredendal.
3. Bobby wat nou dertien jaar oud is, was tot sy agtste jaar 'n normale kat. Maar toe word hy ál luiër en vetter en weeg nou 'n volle 17 kg.
4. Soggens was Chrissie hom met sy eie waslappie en kam sy welige, silwerswart pels. Dan lê sy hom op sy eie sponsmatrassie neer – kompleet met paslaken en duvet. 'n Muis kan maar voor sy oë verbydraf, hy roer nie.
5. Met sulke vyfster-behandeling kan Bobby maklik nog oud en vet genoeg word om 'n wêreldrekord op te stel. Daar is immers nog net 4 kilogram tussen hom en die huidige vierpotige rekordhouer van Australië.



Uit *Huisgenoot*, 2 Mei 1996, bl. 17.

VRAE

1. Gebruik die woord *middel* (paragraaf 1) en dui aan hoe twee verskillende letters dieselfde klank kan voorstel. (1)
2. Skryf die woord *normale* (paragraaf 3) oor en onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra. (1)
3. Skryf uit die eerste sin 'n voorbeeld neer van:
 - 3.1 'n diftong (1)
 - 3.2 'n lang vokaal. (1)
4. Die woord *Weskus-kat* (paragraaf 1) word met 'n koppelteken geskryf, omdat dit 'n eienaam gekoppel aan 'n soortnaam is. Gee die rede waarom die woord *fluit-fluit* met 'n koppelteken geskryf word. (1)
5. Skryf uit paragraaf 1 'n woord neer wat *baie groot* beteken. (1)
6. Waarom word die woord *middellyf* (subtitel) met 'n dubbel l geskryf? (1)
7. Verdeel die woord *middel* in:
 - 7.1 Klankgrepe (1)
 - 7.2 Lettergrepe (1)
8. Die woord *lêplek* (paragraaf 2) word met 'n kappie geskryf om 'n lang uitgerekte klank aan te dui. Skryf die woord *brue* oor en plaas 'n kappie op indien nodig. (1)

9. Die woord *dieet* (paragraaf 2) word sonder 'n deelteken geskryf. Skryf die woord *kooperasie* oor en plaas deeltekens op indien nodig. (1)
10. Skryf die bepaler neer van die woord *waslappie* (paragraaf 4). (1)
11. Skryf neer of die volgende woorde gevorm is deur afleiding, samestelling of samestellende afleiding:
 - 11.1 normale (paragraaf 3) (1)
 - 11.2 wêreldrekord (paragraaf 5) (1)
 - 11.3 vierpotige (paragraaf 5) (1)
12. 'n Weduwee (paragraaf 2) is iemand wie se man dood is. Skryf die persoonsnaam neer vir 'n man wie se vrou oorlede is. (1)
13. Die kat wat die rekord hou as die vetste kat woon in Australië. Wat noem ons die mense wat in Australië woon? (1)

[17]

EN



Uit *Rapport*, 24 Oktober 2010.

14. Wanneer word na iemand as 'n *losbek* (titel) verwys? (1)
15. Skryf die meervoud van die woord *buurman* (raampie 1) neer. (1)
16. Vervang die woord *daai* (raampie 1) met 'n beter woord. (1)
17. Wat gebeur as 'n mens *handgemeen raak*? Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die korrekte nommer neer, byvoorbeeld 17c.
 - a. Skreeu op mekaar.
 - b. Los 'n probleem op deur daarvoor te gesels.
 - c. Slaan mekaar met die vuus. (1)

18. Die woord *lui* in raampie 1 beteken die man wil niks doen nie. Gebruik nou die woord *lui* in 'n verhelderende sin in 'n ander betekenisverband. (1)
19. Wat is die betekenis van die voorvoegsel *on-* in die woord *onfiks* (raampie 2)? (1)
20. Verklaar die gebruik van die komma in raampie 3. (1)
21. Die woord *lyk* kom in raampie 3 voor. Hoe sal die betekenis van die woord *lyk* verander as dit oorrond uitgespreek word? Maak 'n sin met dié woord om die betekenis daarvan aan te toon. (1)

[8]

Totaal Afdeling B: 25 punte

GROOTTOTAAL: 40 punte